Ek, die ondergetekende, Elizé Castelyn, van Elizé Castelyn Stadsbeplanners, synde die gemagtigde agent van die eienaar van Erf 705, Meyerspark Uitbreiding 5, gee hiermee ingevolge artikel 56 (1) (b) (i) van die Ordonnansie op Dorpsbeplanning en Dorpe, 1986 (Ordonnansie 15 van 1986), kennis dat ek aansoek gedoen het by die Stad van Tshwane om die wysiging van die dorpsbeplanningskema in werking, bekend as die Tshwane-dorpsbeplanningskema, 2008, deur die hersonering van die eiendom hierbo beskryf, geleë te Rabiestraat 165, Meyerspark Uitbreiding 5, van "Residensiële 1" met 'n digtheid van een woonhuis per 1 000 m² na "Residensiële 1" met 'n digtheid van een woonhuis per 700 m², onderworpe aan die voorwaardes soos uiteengesit in die voorgestelde Bylaag T.

Besonderhede van die aansoek lê ter insae gedurende gewone kantoorure by die spesifieke kantoor van die Strategiese Uitvoerende Direkteur: Stadsbeplanning en Ontwikkeling, Pretoria-kantoor: Laer Grond 004, Isivuno House, Lillian Ngoyi-straat 143, Pretoria, vir 'n tydperk van 28 dae vanaf 8 Mei 2013.

Besware teen of verhoë ten opsigte van die aansoek moet binne 'n tydperk van 28 dae vanaf 8 Mei 2013 skriftelik by of tot die Strategiese Uitvoerende Direkteur: Stadsbeplanning en Ontwikkeling: Pretoria-kantoor, by bovermelde adres of by Posbus 3242, Pretoria, 0001, ingedien of gerig word.

Posadres van agent: Posbus 36262, Menlopark, Pretoria, 0102, of 10de Straat-Oos 98, Menlopark, 0081. Tel: (012) 346-8772. Faks: 086 645 0820. Selfoon: 083 305 5487. E-pos: ecstads@castelyn.com

Datums van kennisgewings: 8 Mei 2013 en 15 Mei 2013.

08-15

NOTICE 1104 OF 2013

TSHWANE AMENDMENT SCHEME

NOTICE OF APPLICATION FOR AMENDMENT OF TOWN-PLANNING SCHEME IN TERMS OF SECTION 56 (1) (b) (i) OF THE TOWN-PLANNING AND TOWNSHIPS ORDINANCE, 1986 (ORDINANCE 15 OF 1986)

I, Karien Coetsee, of the firm DLC Town Plan (Pty) Ltd, being the authorized agent of the owners of Erf 1290, Moreleta Park Extension 9, hereby give notice in terms of section 56 (1) (b) (i) of the Town-planning and Townships Ordinance, 1986 (Ordinance 15 of 1986), that I have applied to the City of Tshwane Metropolitan Municipality for the amendment of the town-planning scheme in operation, known as Tshwane Town-planning Scheme, 2008, by the rezoning of the property described above, situated at 1219 & 1221 De Villebois Maréuil Drive, Moreleta Park Extension 9, Erf 1290 from "Residential 1" to "Special" for the purpose of a Business Building, Shops, Place of Refreshment, Retail Industry or Two Dwelling Units as pertained in the Annexure-T-document.

Particulars of the application will lie for inspection during normal office hours at the office of the Strategic Executive Director: City Planning, Development and Regional Services: Centurion Office: Room 8, Town-planning Office, cnr Basden and Rabie Streets, Centurion, within a period of 28 days from 8 May 2013 (the date of first publication of this notice).

Objections to or representations in respect of the application must be lodged with or made in writing to above-mentioned address or be addressed to the Strategic Executive Director: City Planning, Development and Regional Services, Centurion Office: PO Box 14013, Lyttelton, 0140, within a period of 28 days from 8 May 2013.

Address of authorised agent: DLC Town Plan (Pty) Ltd, 26th Street 46, Menlo Park; P.O. Box 35921, Menlo Park, 0102. Telephone: (012) 346-7890. (Our Ref: S0201.) Contact person: Karien Coetsee.

Dates on which notice will be published: 8 May 2013 & 15 May 2013.

KENNISGEWING 1104 VAN 2013

TSHWANE-WYSIGINGSKEMA

KENNISGEWING VAN AANSOEK OM WYSIGING VAN DORPSBEPLANNINGSKEMA INGEVOLGE ARTIKEL 56 (1) (b) (i) VAN DIE ORDONNANSIE OP DORPSBEPLANNING EN DORPE, 1986 (ORDONNANSIE 15 VAN 1986)

Ek, Karien Coetsee, van die firma DLC Town Plan (Pty) Ltd, synde die gemagtigde agent van die eienaar van Erf 1290, Moreleta Park Uitbreiding 9, gee hiermee ingevolge artikel 56 (1) (b) (i) van die Ordonnansie op Dorpsbeplanning en Dorpe, 1986 (Ordonnansie 15 van 1986), kennis dat ek by die Stad van Tshwane Metropolitaanse Munisipaliteit aansoek gedoen het om die wysiging van die dorpsbeplanningskema in werking, bekend as Tshwane-dorpsbeplanningskema, 2008, deur die hersonering van die eiendom hierbo beskryf, geleë te De Villebois Maréuilweg 1219 & 1221, Moreleta Park Uitbreiding 9, Erf 1290, van Residensieel 1 na "Spesiaal" vir die doeleindes van 'n Besigheidsgebou, Winkels, Plek van Verversings, Kleinhandel Industrie of twee Wooneenhede soos vervat in die Bylae T-dokument.

Besonderhede van die aansoek lê ter insae gedurende gewone kantoorure by die kantoor van die Strategiese Uitvoerende Direkteur: Stadsbeplanning, Ontwikkeling en Streeksdienste: Centurion-kantoor: Kamer 8, Stadsbeplanningskantoor, h/v Basden- en Rabiestraat, Centurion, vir 'n tydperk van 28 dae vanaf 8 Mei 2013 (die datum van die eerste publikasie van hierdie kennisgewing).

Besware teen of verhoë ten opsigte van die aansoek moet binne 'n tydperk van 28 dae vanaf 8 Mei 2013 (die datum van die eerste publikasie van hierdie kennisgewing) skriftelik by die bovermelde adres of tot die Strategiese Uitvoerende Direkteur: Stadsbeplanning, Ontwikkeling en Streeksdienste, Centurion-kantoor: Posbus 14013, Lyttelton, 0140, ingedien of gerig word.

Adres van gemagtigde agent: DLC Town Plan (Pty) Ltd, 26ste Straat 46, Menlo Park; Posbus 35921, Meno Park, 0102. Telefoon: (012) 346-7890. (Ons Verw: S0201.) Kontakpersoon: Karien Coetsee.

Datums waarop kennisgewing gepubliseer moet word: 8 Mei 2013 & 15 Mei 2013.

08-15

NOTICE 1105 OF 2013**TSHWANE AMENDMENT SCHEME**

NOTICE IN TERMS OF SECTION 56 (1) (b) (i) OF THE TOWN-PLANNING AND TOWNSHIPS ORDINANCE, 1986
(ORDINANCE 15 OF 1986)

We, Newton Associates, being the authorised agent of the registered owners hereby give notice in terms of section 56 (1) (b) (i) of the Town-planning and Townships Ordinance, 1986 (Ordinance 15 of 1986) that we have applied to the City of Tshwane Metropolitan Municipality for the amendment of the Tshwane Town-planning Scheme, 2008, by the rezoning of Erf 804, Waterkloof Glen Extension 5, situated at 426 Mendelssohn Street, Waterkloof Glen Extension 5, from "Residential 1" to "Business 4" and the rezoning of Erf 603, Waterkloof Glen Extension 6, situated at 134 Beethoven Street, Waterkloof Glen Extension 6, from "Residential 1" to "Business 4" for offices and dwelling units, subject to certain conditions.

Particulars of the application will lie for inspection during normal office hours at the office of the said authorized Local Authority at the Strategic Executive Director: City Planning, Development and Regional Services, City of Tshwane Metropolitan Municipality, Centurion Office, Room F8, cnr of Basden and Rabie Streets, Centurion, Pretoria, for a period of 28 days from 8 May 2013.

Any person wishing to object to the application or submit representations in respect thereof must lodge the same in writing with the said authorized Local Authority at its address and room number specified above or at PO Box 14013, Lyttelton, 0140, for a period of 28 days from 8 May 2013.

Address of agent: Newton Associates, PO Box 95617, Waterkloof, 0145. Tel: (012) 346-3204. Fax: (012) 346-5445.

KENNISGEWING 1105 VAN 2013**TSHWANE-WYSIGINGSKEMA**

KENNISGEWING INGEVOLGE ARTIKEL 56 (1) (b) (i) VAN DIE ORDONNANSIE OP DORPSBEPLANNING EN DORPE,
1986 (ORDONNANSIE 15 VAN 1986)

Ons, Newton Associates, synde die gemagtigde agent van die geregistreerde eienaars gee hiermee ingevolge artikel 56 (1) (b) (i) van die Ordonnansie op Dorpsbeplanning en Dorpe, 1986 (Ordonnansie 15 van 1986), kennis dat ons by die Stad van Tshwane Metropolitaanse Munisipaliteit aansoek gedoen het om die wysiging van die Tshwane-dorpsbeplanning-skema, 2008, deur die hersonering van Erf 804, Waterkloof Glen Uitbreiding 5, geleë te Mendelssohn Street No. 426, in Waterkloof Glen Uitbreiding 5, vanaf "Residensiel 1" na "Besigheid 4" en die hersonering van Erf 603, Waterkloof Glen Uitbreiding 6, geleë te Beethovestraat No. 134 in Waterkloof Glen Uitbreiding 6, vanaf "Residensieel 1" na "Besigheid 4" vir kantore en 'n wooneenheid, onderworpe aan sekere voorwaardes.

Besonderhede van die aansoek lê ter insae gedurende gewone kantoorure by die kantoor van die gemagtigde Plaaslike Bestuur by die Strategiese Uitvoerende Direkteur: Stadsbeplanning, Ontwikkeling en Streeksdienste, Stad van Tshwane Metropolitaanse Munisipaliteit: Centurion Kantoor, Kamer F8, h/v Basden- en Rabiestraat, Pretoria, vir 'n tydperk van 28 dae vanaf 8 Mei 2013.

Enige persoon wat wil beswaar aanteken of voorleggings wil maak met betrekking tot die aansoek, moet sodanige beswaar of voorlegging op skrif aan die betrokke gemagtigde Plaaslike Bestuur by die bostaande adres en kantoor of by Posbus 14013, Lyttelton, 0140, vir 'n tydperk van 28 dae vanaf 8 Mei 2013.

Adres van agent: Newtown Associates, Posbus 95617, Waterkloof, 0145. Tel: (012) 346-3204. Faks: (012) 346-5445.

08-15

NOTICE 1106 OF 2013**TSHWANE AMENDMENT SCHEME, 2008**

I, Karien Coetsee of DLC Town Plan (Pty) Ltd, being the authorised agent of the owner of Erven 2137, 2138, 2139, 2141, 2143, 2144, 2145 & 2146, Erasmus Ext 25, hereby give notice in terms of section 56 (1) (b) (i) of the Town-planning and Townships Ordinance, 1986 (Ordinance 15 of 1986), that we have applied to the Tshwane Town-planning Scheme, 2008, in operation for the rezoning of the properties described above, situated along Lang Street, Erasmus Extension 25, from "Residential 1" (Erf 2138, Erf 2139, Erf 2143, Erf 2144 & Erf 2145), "Special" for the purpose of 12 dwelling units (Erf 2137), "Special" for the purpose of 14 dwelling units (Erf 2141) & "Special" for the purpose of 10 dwelling units (Erf 2146) to "Residential 3".

Particulars of the application will lie for inspection during normal office hours at the relevant office of: The Strategic Executive Director: City Planning, Development and Regional Services, Isivuno House, LG004, 143 Lillian Ngoyi Street, Pretoria, for a period of 28 days from 8 May 2013 (the date of first publication of this notice).

Objections to or representations in respect of the application must be lodged with or made in writing to: The Strategic Executive Director: City Planning, Development and Regional Services at above address or PO Box 3242, Pretoria, 0001, within a period of 28 days from 8 May 2013 (the date of first publication of this notice).

Address of authorized agent: DLC Town Plan (Pty) Ltd, P.O. Box 35921, Menlo Park, 0102 or 46 26th Street, Menlo Park, 0081. Tel: (012) 346-7890. Fax: (012) 346-3526. E-mail: fj@dlcgroup.co.za, *Our ref:* S0231.

Contact person: Karien Coetsee.

Dates on which notice will be published: 8 May 2013 & 15 May 2013.

KENNISGEWING 1106 VAN 2013**TSHWANE-DORPSBEPLANNINGSKEMA, 2008**

Ek, Karien Coetsee van DLC Town Plan (Pty) Ltd, gemagtigde agente van die eienaar van Erwe 2137, 2138, 2139, 2141, 2143, 2144, 2145 & 2146, Erasmus Uitbreiding 25, gee hiermee ingevolge artikel 56 (1) (b) (i) van die Ordonnansie op Dorpsbeplanning en Dorpe, 1986 (Ord 15 van 1986), kennis dat ons by die Tshwane Metropolitaanse Stadsraad aansoek gedoen het om die wysiging van die Tshwane-dorpsbeplanningskema deur die hersonering van die bogenoemde eiendomme geleë in Langstraat, Erasmus Extension 25 van "Residensieel 1" (Erf 2138, Erf 2139, Erf 2143, Erf 2144 & Erf 2145), "Spesiaal" vir die doeleinde vanaf 12 wooneenhede (Erf 2137), "Spesiaal" vir die doeleinde van 14 wooneenhede (Erf 2141), "Spesiaal" vir die doeleinde van 10 wooneenhede (Erf 2146) na "Residensieel 3".

Besonderhede van die aansoek lê ter insae gedurende gewone kantoorure by die spesifieke kantoor van: Die Strategiese Uitvoerende Direkteur: Stadsbeplanning, Ontwikkeling en Streeksdienste: Isivuno Huis, LG004, Lilian Ngoyistraat 143, Pretoria, 0001, vir 'n tydperk van 28 dae vanaf 8 Mei 2013 (die datum van die eerste publikasie van hierdie kennisgewing).

Besware teen of verhoë te opsigte van die aansoek moet binne 'n tydperk van 28 dae vanaf 8 Mei 2013 (die datum van die eerste publikasie van hierdie kennisgewing) skriftelik by of tot die Strategiese Uitvoerende Direkteur: Stadsbeplanning, Ontwikkeling en Streeksdienste, Posbus 3242, Pretoria, 0001, ingedien of gerig word.

Adres van agent: DLC Town Plan (Pty) Ltd, Posbus 35921, Menlo Park, 0102 of 46 26ste Straat, Menlopark, 0081. Tel: (012) 346-7890. Faks: (012) 346-3526. E-pos: fj@dlcgroup.co.za, *Ons Verw:* S0231.

Kontakpersoon: Karien Coetsee.

Datum waarop kennisgewing gepubliseer word: 8 Mei 2013 & 15 Mei 2013.

8-15

NOTICE 1107 OF 2013**TSHWANE AMENDMENT SCHEME**

I, Michael Vincent van Blommestein, being the authorised agent of the owner of Erf 1490, Monumentpark, give notice in terms of section 56 (1) (b) (i) of the Town-planning and Townships Ordinance, 1986 (Ordinance 15 of 1986), that I have applied to the City of Tshwane for the amendment of the Tshwane Town-planning Scheme, 2008, in operation by the rezoning of the property described above, situated at 44 Okapi Road from "Business 2", subject to the conditions contained in Annexure T (B9307) to "Business 2", subject to certain amended conditions, which include additional coverage.

Particulars of the application will lie for inspection during normal office hours at the relevant office of: The Strategic Executive Director: City Planning and Development: Room LG004, Isivuno House, 143 Lilian Ngoyi Street, Pretoria, for a period of 28 days from 8 May 2013.

Objections to or representations in respect of the application must be lodged with or made in writing to above or be addressed to The Strategic Executive Director, City Planning and Development, PO Box 3242, Pretoria, within a period of 28 days from 8 May 2013.

Address of agent: Van Blommestein & Associates, 590 Sibelius Street, Lukasrand; P O Box 17341, Groenkloof, 0027. Tel: (012) 343-4547. Fax: 343-5062.

Dates on which notice will be published: 8 May 2013 and 15 May 2013. Reference: A1087/2013.

KENNISGEWING 1107 VAN 2013**TSHWANE-WYSIGINGSKEMA**

Ek, Michael Vincent van Blommestein, synde die gemagtigde agent van die eienaar van Erf 1490, Monumentpark, gee hiermee ingevolge artikel 56 (1) (b) (i) van die Ordonnansie op Dorpsbeplanning en Dorpe, 1986 (Ordonnansie 15 van 1986), kennis dat ek by die Stad Tshwane, aansoek gedoen het om die wysiging van die Tshwane-dorpsbeplanningskema, 2008, in werking deur die hersonering van die eiendom hierbo beskryf, geleë te Okapiweg 44 van "Besigheid" onderworpe aan die voorwaardes vervat in Bylae T (B9307) tot "Besigheid 2" onderworpe aan sekere gewysigde voorwaardes, wat addisionele dekking insluit.

Besonderhede van die aansoek lê ter insae gedurende gewone kantoorure by die spesifieke kantoor van: Die Strategiese Uitvoerende Direkteur: Stadsbeplanning en Ontwikkeling: Kamer LG004, Isivuno House, Lilian Ngoyistraat 143, Pretoria, vir 'n tydperk van 28 dae vanaf 8 Mei 2013.

Besware teen of verhoë ten opsigte van die aansoek moet binne 'n tydperk van 28 dae vanaf 8 Mei 2013, skriftelik by of tot die Die Strategiese Uitvoerende Direkteur: Stadsbeplanning en Ontwikkeling, Posbus 3242, Pretoria, 0001, ingedien of gerig word.

Adres van gemagtigde agent: Van Blommestein en Genote, Sibeliusstraat 590, Lukasrand, Posbus 17342, Groenkloof, 0027. Tel: (012) 343-4547. Faks: (012) 343-5062.

Datum waarop kennisgewing gepubliseer moet word: 8 Mei 2013 en 15 Mei 2013. Verwysing: A1087/2013.

8-15

NOTICE 1108 OF 2013**TSHWANE AMENDMENT SCHEME****NOTICE OF APPLICATION FOR AMENDMENT OF TOWN-PLANNING SCHEME IN TERMS OF SECTION 56 (b) (i) OF THE TOWN-PLANNING AND TOWNSHIPS ORDINANCE, 1986 (ORDINANCE 15 OF 1986)**

I, Karien Coetsee of the firm DLC Town Plan (Pty) Ltd, being the authorised agent of the owners of Erf 1290, Moreleta Park Extension 9, hereby give notice in terms of section 56 (1) (b) (i) of the Town-planning and Townships Ordinance, 1986 (Ordinance 15 of 1986), that I have applied to the City of Tshwane Metropolitan Municipality for the amendment of the town-planning scheme in operation, known as Tshwane Town-planning Scheme, 2008, by the rezoning of the property described above situated at 1219 & 1221 De Villebois Maréuil Drive, Moreleta Park Extension 9, Erf 1290, from "Residential 1" to "Special" for the purpose of a Business Building, Shops, Place of Refreshment, Retail industry or two dwelling units as pertained in the Annexure T-document.

Particulars of the application will lie for inspection during normal office hours at the relevant office of: The Strategic Executive Director: City Planning, Development and Regional Services, Centurion Office: Room 8, Town-planning Office, cnr. Basden and Rabie Streets, Centurion, within a period of 28 days from 8 May 2013 (the date of first publication of this notice).

Objections to or representations in respect of the application must be lodged with or made in writing to above-mentioned address or be addressed to: The Strategic Executive Director: City Planning, Development and Regional Services, Centurion Office: PO Box 14013, Lyttelton, 0140, within a period of 28 days from 8 May 2013.

Address of authorized agent: DLC Town Plan (Pty) Ltd, 26th Street 46, Menlo Park; P.O. Box 35921, Menlo Park, 0102. Telephone: (012) 346-7890. Our ref: S0201.

Contact person: Karien Coetsee.

Dates on which notice will be published: 8 May 2013 & 15 May 2013.

KENNISGEWING 1108 VAN 2013**TSHWANE-WYSIGINGSKEMA****KENNISGEWING VAN AANSOEK OM WYSIGING VAN DORPSBEPLANNINGSKEMA INGEVOLGE ARTIKEL 56 (1) (b) (i) VAN DIE ORDONNANSIE OP DORPSBEPLANNING EN DORPE, 1986 (ORDONNANSIE 15 VAN 1986)**

Ek, Karien Coetsee van die firma DLC Town Plan (Pty) Ltd, synde die gemagtigde agent van die eienaar van Erf 1290, Moreleta Park Uitbreiding 9, gee hiermee gevolge artikel 56 (1) (b) (i) van die Ordonnansie op Dorpsbeplanning en Dorpe, 1986 (Ordonnansie 15 van 1986), kennis dat ek by die Stad van Tshwane Metropolitaanse Munisipaliteit aansoek gedoen het om die wysiging van die dorpsbeplanningskema, in werking bekend as Tshwane-dorpsbeplanningskema, 2008, deur die herosnering van die eiendom hierbo beskryf, geleë te De Villebois Maréuilweg 1219 & 1221, Moreleta Park Uitbreiding 9, Erf 1290 van "Residensieel 1" na "Spesiaal" vir die doeleindes van 'n besigheidsgebou, Winkels, plek van verversings, kleinhandel industrie of twee wooneenhede soos vervat in die Bylae T-dokument.

Besonderhede van die aansoek lê ter insae gedurende gewone kantoorure by die kantoor van Die Strategiese Uitvoerende Direkteur: Stadsbeplanning, Ontwikkeling en Streeksdienste: Centurion Kantoor: Kamer 8, Stadsbeplanningskantoor h/v Basden- en Rabiestraat, Centurion, vir 'n tydperk van 28 dae vanaf 8 Mei 2013 (die datum van die eerste publikasie van hierdie kennisgewing).

Besware teen of verhoë te opsigte van die aansoek moet binne 'n tydperk van 28 dae vanaf 8 Mei 2013 (die datum van die eerste publikasie van hierdie kennisgewing), skriftelik by die bovermelde adres of tot die Strategiese Uitvoerende Direkteur: Stadsbeplanning, Ontwikkeling en Streeksdienste, Centurion Kantoor: Posbus 14013, Lyttelton, 0140, ingedien of gerig word.

Adres van gemagtigde agent: DLC Town Plan (Pty) Ltd, 26ste Straat 46, Menlo Park; Posbus 35921, Menlo Park, 0102. Telefoon: (012) 346-7890. Ons Verw: S0201.

Kontakpersoon: Karien Coetsee.

Datum waarop kennisgewing gepubliseer moet word: 8 Mei 2013 & 15 Mei 2013.

8-15

NOTICE 1109 OF 2013**TSHWANE AMENDMENT SCHEME**

I, Mdu Mashaba, being the authorised agent of the owner of Erf 563, Willow Park Manor Extension 65 Township, hereby give notice in terms of section 56 (1) (b) (i) of the Town-planning and Township Ordinance, 1986 (Ordinance 15 of 1986), that I have applied to the City of Tshwane, Administrative Unit: Pretoria for the amendment of the Tshwane Town-planning Scheme, 2008 in operation by the rezoning of the property described above, from "Special" for the purpose of access (ingress/egress), access control mechanisms, security, and surveillance purposes, signage, landscaping and related access facilities and amenities and essential engineering service and a telecommunication Mast". Vodacom (Pty) Ltd intends to construct a Cellular Telephone Mast and Base Station on the above-mentioned property in order to provide network coverage to the surrounding areas.

Particulars of the application will lie for inspection during normal office hours at the relevant office of: The Strategic Executive Director: City Planning, Development and Regional Services, Pretoria, Application Section, Isivuno Building, 143 Lillian Ngoyi Street, Pretoria, for a period of 28 days after the publication of the advertisement in the *Provincial Gazette* viz 8 May 2013.

Objections to or representations in respect of the application must be lodged with or made in writing to above or be addressed to: Pretoria Office: The Strategic Executive Director: City Planning, Development and Regional Services, PO Box 3242, Pretoria, 0001, within a period of 28 days from 8 May 2013.

First publication: 8 May 2013.

Second publication: 15 May 2013.

Closed date for any objections: 5 June 2013.

Smit & Fisher Planning (Pty) Ltd, 371 Melk Street, Nieuw Muckleneuk, 0181; PO Box 908, Groenkloof, 0027. Tel: (012) 346-2340. Fax: (012) 346-0638. E-mail: mdu@sfplan.co.za, NEP 0013-Zwartkoppies.

KENNISGEWING 1109 VAN 2013

TSHWANE-WYSIGINGSKEMA

Ek, Mdu Mashaba, synde die gemagtigde agent van die eienaar van Erf 563, Dorp Willow Park Manor Uitbreiding 65, gee hiermee ingevolge artikel 56 (1) (b) (i) van die Ordonnansie op Dorpsbeplanning en Dorpe, 1986 (Ordonnansie 15 van 1986), kennis dat ek by die Stad van Tshwane, Administratiewe Eenheid: Pretoria aansoek gedoen het om die wysiging van die Tshwane-dorpsbeplanning 2008, in werking deur die hersonering van die eiendom hierbo beskryf vanaf "Spesiaal" vir die doeleindes van toegang (ingang/uitgang), toegangsbeheer meganismes, sekuriteit, en toesig doeleindes, naamborde, landskapering en verwante toegangsfasiliteite en ameniteite en noodsaaklike ingenieursdienste na "Spesiaal" vir die doeleindes van toegang (ingang/uitgang), toegangsbeheer meganismes, sekuriteit en toesig doeleindes, naamborde, landskapering en verwante toegangsfasiliteite en ameniteite en noodsaaklike ingenieursdienste en n telekommunikasie mas. Vodacom (Edms) Bpk beplan om 'n sellulêre telefoonmas en basis stasie op te rig op die bogenoemde eiendom om sodoende netwerk dekking te verskaf aan die omliggende omgewing.

Besonderhede van die aansoek lê ter insae gedurende gewone kantoorure by die spesifieke kantoor van: Die Strategiese Uitvoerende Direkteur: Stadsbeplanning, Ontwikkeling en Streeksdienste: Pretoria, aansoek Administrasie, Isivuno Gebou, Lillian Ngoyistraat 143, Pretoria, vir 'n tydperk van 28 dae vanaf 8 Mei 2013.

Besware teen of verhoë te opsigte van die aansoek moet binne 'n tydperk van 28 dae vanaf 8 Mei 2013, skriftelik by of tot die Pretoria kantoor: Die Strategiese Uitvoerende Direkteur: Stedelike Beplanning, Ontwikkeling en Streeksdienste, Posbus 3242, Pretoria, 0001, ingedien of gerig word.

Datum van eerste publikasie: 8 Mei 2013.

Datum van tweede publikasie: 15 Mei 2013.

Sluitingsdatum vir enige besware: 5 Junie 2013.

Smit & Fisher Planning (Edms) Bpk, Melk Street 371, Nieuw Muckleneuk, 0181; Posbus 908, Groenkloof, 0027. Tel: (012) 346-2340. Fax: (012) 346-0638. E-pos: mdu@sfplan.co.za, NEP 0013-Zwartkoppies.

8-15

NOTICE 1110 OF 2013

EDENVALE AMENDMENT SCHEME

NOTICE IN TERMS OF SECTION 5 (5) OF THE GAUTENG REMOVAL OF RESTRICTIONS ACT, 1996
(ACT 3 OF 1996)

I, Humphrey Mphahlele of Planning Input Consulting, being the authorized agent of the owner of Erven 339 to 341, Hurleyvale, hereby give notice in terms of section 5 (5) of the Gauteng Removal of Restrictions Act, 1996, that I have applied to Ekurhuleni Metropolitan Municipality (Edenvale Customer Centre) for the removal of certain restrictive title condition contained in the Title Deeds of Erven 339 to 341, Hurleyvale, and the simultaneous amendment of the Edenvale Town-planning Scheme, 1980, by the rezoning and consolidation of Erven 339 to 341, Hurleyvale, from "Residential 1" to "Business 4" permitting offices.

Particulars of the application will lie for inspection during normal office hours at the office of the Head: Urban Planning and Development, Edenvale Service Delivery Centre of the Ekurhuleni Metropolitan Municipality, Second Floor, Room 324, corner Hendrik Potgieter Road and Van Riebeeck Avenue, for a period of 28 days from the date of publication of this notice.

Objections to or representations in respect of the application must be lodged with or made in writing to the Head: Urban Planning and Development at the above address or at PO Box 25, Edenvale, 1610, within a period of 28 days from date of this publication.

Address of agent: Planning Input CC, 08 Ebony Road, Klippoortjie, PO Box 19946, Sunward Park, Boksburg, 1459. Tel: (073) 966-5586. Fax: (086) 512-8763.

KENNISGEWING 1110 VAN 2013**EDENVALE-WYSIGINGSKEMA**

KENNISGEWING INGEVOLGE ARTIKEL 5 (5) VAN DIE GAUTENGSE WET OP OPHEFFING VAN BEPERKINGS, 1996 (WET 3 VAN 1996)

Ek, Humphrey Mphahlele van Planning Input Consulting, synde die gemagtigde agent van die eienaar van Erwe 339 tot 341, Hurleyvale, gee hiermee ingevolge ingevolge artikel 5 (5) van die Gauteng Wet op Opheffing van Beperkings, 1996, kennis dat ek by die Ekurhuleni Metropolitaanse Munisipaliteit (Edenvale Diensleweringentrum) aansoek gedoen het vir die opheffing van sekere voorwaardes soos vervat in the Titel Akte geleë te Erwe 339 tot 341, Hurleyvale, en die gelyktydige wysiging van die Edenvale-dorpsbeplanning, 1980, heur die hersonering en gekonsolideerde van Erwe 339 tot 341, Hurleyvale, vanaf "Residensieel" tot "Besigheid 4" vir kantore.

Besonderhede van die aansoek lê ter insae gedurende gewone kantoorure by die kantoor van die kantoor van die Stedelike Beplanning en Ontwikkelings, Edenvale Stadsentrum van Ekurhuleni Metropolitaanse Munisipaliteit, Second Vloer, Kantoor 324, hoek van Hendrik Potgieter- en Van Riebeeckstraat, Edenvale, vir 'n tydperk van 28 dae van die datum van eerste publikasie.

Besware teen of verhoë te opsigte van die aansoek moet binne 'n tydperk van 28 dae van die datum van eerste publikasie by tot die bovermelde adres of by Posbus 25, Edenvale, 1620, ingedien of gerig word.

Adres van agent: Planning Input CC, 08 Ebony Road, Klippoortjies, PO Box 19946, Sunward Park, Boksburg, 1459. Tel: (073) 966 5586. Fax: (086) 512-8763.

8-15

NOTICE 1111 OF 2013**MODIMOLLE AMENDMENT SCHEME**

NOTICE IN TERMS OF SECTION 56 (1) (b) (i) OF THE TOWN-PLANNING AND TOWNSHIPS ORDINANCE, 1986 (ORDINANCE 15 OF 1986)

We, Newtown Associates, being the authorised agent of the registered owner hereby give notice in terms of Section 56 (1) (b) (i) of the Town-planning and Townships Ordinance, 1986 (Ordinance 15 of 1986), that we have applied to the Modimolle Local Municipality for the amendment of the Modimolle Amendment Scheme, 2004, by the rezoning of a part of the Remainder of Portion 7 of the farm Boekenhoutspoort 364-KR, situated 8.6 km east-south-east of Alma, from "Agricultural" to "Special" for a retirement village, subject to certain conditions.

Particulars of the application will lie for inspection during normal office hours at the office of the said Authorized Local Authority at the office of The Divisional Manager: Town-planning, Ground Floor, Modimolle Municipal Building, Harry Gwala Street, Modimolle, for a period of 28 days from 8 May 2013.

Any person who wishes to object to the applications or submit representations in respect thereof must lodge the same in writing to Private Bag X1008, Modimolle, 0510, or lodge it with the Modimolle Local Municipality at its Address and room number specified above on or before 5 June 2013.

Address of agent: Nicola Ludik, Alto Africa Town Planning & Development Consultants, P.O. Box 3007, Modimolle, 0510. Cell: 076 606 6372.

KENNISGEWING 1111 VAN 2013**MODIMOLLE-WYSIGINGSKEMA**

KENNISGEWING INGEVOLGE ARTIKEL 56 (1) (b) (i) VAN DIE ORDONNANSIE OP DORPSBEPLANNING EN DORPE, 1986 (ORDONNANSIE 15 VAN 1986)

Ons, Newtown Associates, synde die gemagtigde agent van die geregistreerde eienaar gee hiermee ingevolge artikel 56 (1) (b) (i) van die Ordonnansie op Dorpsbeplanning en Dorpe, 1986 (Ordonnansie 15 van 1986), kennis dat ons by die Modimolle Plaaslike Munisipaliteit aansoek gedoen het om die wysiging van die Modimolle-wysigingskema, 2004, deur die hersonering van 'n gedeelte van die Restant van Gedeelte 7 van die plaas Boekenhoutspoort 364-KR, geleë 8.6 km oos-suidoos vanaf Alma vanaf "Landbou" na "Spesiaal" vir 'n aftree oord, onderworpe aan sekere voorwaardes.

Besonderhede van die aansoek lê ter insae gedurende gewone kantoorure by die kantoor van die gemagtigde Plaaslike Bestuur by die Modimolle Plaaslike Munisipaliteit, Die Divisie Bestuurder: Dorpsbeplanning, Grondvloer, Modimolle Munisipale Gebou, Harry Gwalastraat, Modimolle, vir 'n tydperk van 28 dae vanaf 8 Mei 2013.

Enige persoon wat beswaar wil aanteken of voorleggings wil maak met betrekking tot die aansoeke moet sodanige beswaar of voorlegging op skrif rig aan Privaatsak X1008, Modimolle, 0510, of indien by die Divisie Bestuurder: Dorpsbeplanning by die bostaande adres op of voor 5 Julie 2013.

Adres van agent: Nicola Ludik, Alto Africa Town-planning & Development Consultants, Posbus 3007, Modimolle, 0510. Sel: 076 606 6372.

8-15

NOTICE 1112 OF 2013**PERI URBAN AMENDMENT SCHEME PS88**

NOTICE OF APPLICATION FOR AMENDMENT OF THE PERI URBAN TOWN-PLANNING SCHEME OF 1975

I, Danie Harmse, of the firm DH Project Planning, being the authorised agent of the owner of Erf 220, The De Deur Estates Limited, hereby give notice that I have applied to the Midvaal Local Municipality for the amendment of the Peri Urban Town-planning Scheme, 1975 (Amendment Scheme PS88, Annexure 80) by the rezoning of the subject erf situated at 220 Weilback Road, The De Deur Estates Limited, from "Residential 1" to "Special" for a Cemetery and related/subservient uses, subject to certain conditions.

All relevant documents relating to the application will be open for inspection during normal office hours at the office of the Municipal Manager, Midvaal Local Municipality, Mitchell Street, Meyerton, and at the office of DH Project Planning, for a period of 28 days from 8 May 2013 to 5 June 2013.

Any person who wishes to object to the application or submit representations in respect thereof must lodge the same in writing to the Municipal Manager at the above address or at P.O. Box 9, Meyerton, 1960 on or before 5 June 2013.

Address of applicant: DH Project Planning, 7 Ivy Street, Brackenhurst, 1448. Tel: (011) 867-7035.

KENNISGEWING 1112 VAN 2013**PERI URBAN WYSIGINGSKEMA PS88**

KENNISGEWING VAN AANSOEK OM WYSIGING VAN DIE PERI URBAN DORPSBEPLANNINGSKEMA, 1975

Ek, Danie Harmse, van die firma DH Project Planning, synde die gemagtigde agent van die eienaars van Erf 220, The De Deur Estates Limited, gee hiermee kennis dat ek aansoek gedoen het by die Midvaal Plaaslike Munisipaliteit om die wysiging van die Peri Urban-dorpsbeplanningskema, 1975 (Wysigingskema PS88, Bylae 80), deur die hersonering van die bogenoemde erf geleë te Weilbackweg 220, The De Deur Estates Limited, vanaf "Residensieel 1" na "Spesiaal" vir 'n begrafplaas met verwante/ondergeskikte gebruike, onderhewig aan sekere voorwaardes.

Alle verbandhoudende dokumente wat met die aansoek verband hou, sal tydens normale kantoorure vir besigtiging beskikbaar wees by die kantoor van die Munisipale Bestuurder, Midvaal Plaaslike Munisipaliteit, Mitchellstraat, Meyerton, en te die kantoor van DH Project Planning, vir 'n tydperk van 28 dae vanaf 8 Mei 2013 tot 5 Junie 2013.

Enige persoon wat beswaar wil aanteken of voorleggings wil maak met betrekking tot die aansoek, moet sodanige beswaar of voorlegging op skrif aan die Munisipale Bestuurder by die bostaande adres en kantoor voorlê, of te Posbus 9, Meyerton, 1960, indien op of voor 5 Junie 2013.

Adres van aplikant: DH Project Planning, Ivystraat 7, Brackenhurst, 1448. Tel. (011) 867-7035.

8-15

NOTICE 1113 OF 2013**SANDTON TOWN-PLANNING SCHEME, 1980**

I, Christopher Siphephelo Chili, being the authorised agent of the owner of Erf 708, Woodmead, hereby give notice in terms of section 56 (1) (b) (i) of the Town-planning and Townships Ordinance, 1986 (Ordinance 15 of 1986), that I have applied to the City of Johannesburg Metropolitan Municipality for the amendment of the Sandton Town-planning Scheme, 1980 in operation by the rezoning of Erf 708, Woodmead, situated at 3 Humber Street, from "Residential 1" to "Special" for telecommunication purposes with all related and ancillary uses including a telecommunication mast.

Particulars of the application will lie for inspection during normal office hours at the relevant office of: The Executive Director: City of Johannesburg Metropolitan Municipality, Development Planning, Transportation and Environment Metropolitan Centre, 158 Loveday Street, Braamfontein, 2017, for a period of 28 days from 8 May 2013.

Objections to or representations in respect of the application must be lodged with or made in writing to above or be addressed to: City of Johannesburg Metropolitan Municipality: The Executive Director: Development Planning, Transportation and Environment, P.O. Box 30733, Braamfontein, 2017, within a period of 28 days from 8 May 2013.

Address of authorized agent: 269 West Street, Die Hoewes, Centurion, PO Box 10558, Centurion, 0046. Tel. No. (012) 641-4147/072 869 6192.

Dates on which notice will be published: 8 & 15 May 2013.

KENNISGEWING 1113 VAN 2013**SANDTON-DORPSBEPLANNINGSSKEMA 1980**

Ek, Christopher Siphephelo Chili, synde die gemagtigde agent van die eienaar van Erf 708, Woodmead, gee hiermee ingevolge artikel 56 (1) (b) (i) van die Ordonnansie op Dorpsbeplanning en Dorpe, 1986 (Ordonnansie 15 van 1986), kennis dat ek by die Johannesburg Metropolitaanse Munisipaliteit aansoek gedoen het om die wysiging van die Sandton-dorpsbeplanningsskema, 1980, in werking deur die hersonering van die genoemde eiendom hierbo beskryf, geleë te Humberstraat 3 vanaf "Residensieel 1" na "Spesiaal" vir Telekomunikasiedoeleindes en alle ondergeskikte en aanverwante gebruike insluitende 'n mas.

Besonderhede van die aansoek lê ter insae gedurende gewone kantoorure by die spesifieke kantoor van: Die Uitvoerende Direkteur: Ontwikkelingsbeplanning, Vervoer en Omgewing, Metropolitaanse Sentrum, Lovedaystraat No. 158, Braamfontein, 2017, vir 'n tydperk van 28 dae vanaf 8 Mei 2013.

Besware teen of verhoë ten opsigte van die aansoek moet binne 'n tydperk van 28 dae vanaf 8 Mei 2013 skriftelik by of tot die Johannesburg Metropolitaanse Munisipaliteit: Die Uitvoerende Direkteur: Ontwikkelingsbeplanning, Vervoer en Omgewing, Metropolitaanse Sentrum, Lovedaystraat No. 158, Posbus 30733, Braamfontein, 2017, ingedien of gerig word binne 'n tydperk van 28 dae vanaf 8 Mei 2013.

Adres van gemagtigde agent: Wesstraat 269, Die Hoewes, Centurion, Posbus 10558, Centurion, 0046. Tel. No. (012) 641-4147/072 869 6192.

Datums waarop kennisgewing gepubliseer moet word: 8 & 15 Mei 2013.

8-15

NOTICE 1114 OF 2013**ALBERTON AMENDMENT SCHEME 2401**

NOTICE OF APPLICATION FOR AMENDMENT OF THE TOWN-PLANNING SCHEME IN TERMS OF SECTION 56 (1) (b) (i) OF THE TOWN-PLANNING AND TOWNSHIPS ORDINANCE, 1986 (ORDINANCE 15 OF 1986)

I, Danie Harmse, of the firm DH Project Planning CC, being the authorised agent of the owner of Erf 242, Bassonia Rock Extension 13 Township, give notice in terms of section 56 (1) (b) (i) of the Town-planning and Townships Ordinance, 1986, that I have applied to the Ekurhuleni Metropolitan Municipality (Alberton Customer Care Centre) for the amendment of the town-planning scheme known as Alberton Town-planning Scheme, 1979, for the rezoning of the property described above situated at 242 Schist Street, Bassonia Rock, from "Residential 1", subject to certain conditions to "Residential 1", subject to certain conditions, including the relaxation of the street building lines to 0 metres in terms of Clause 19 of the Alberton Town Planning Scheme, 1979, subject to certain conditions.

Particulars of the application will lie for inspection during normal office hours at the office of the Area Manager, City Development Department, Level 11, Civic Centre, Alberton, for a period of 28 days from 8 May 2013.

Objections to or representations in respect of the application must be lodged with or made in writing to the Area Manager, City Development Department, at above address or at PO Box 4, Alberton, 1450, within a period of 28 days from 8 May 2013 to 5 June 2013.

Address of applicant: DH Project Planning, 7 Ivy Street, Brackenhurst, 1448. Tel: (011) 867-7035.

KENNISGEWING 1114 VAN 2013**ALBERTON-WYSIGINGSKEMA 2401**

KENNISGEWING VAN AANSOEK OM WYSIGING VAN DIE DORPSBEPLANNINGSSKEMA INGEVOLGE ARTIKEL 56 (1) (b) (i) VAN DIE ORDONNANSIE OP DORPSBEPLANNING EN DORPE, 1986 (ORDONNANSIE 15 VAN 1986)

Ek, Danie Harmse, van die firma DH Project Planning CC, synde die gemagtigde agent van die eienaar van Erf 242, Bassonia Rock Uitbreiding 13 Dorpsgebied, gee hiermee ingevolge artikel 56 (1) (b) (i) van die Ordonnansie op Dorpsbeplanning en Dorpe, 1986, kennis dat ek by die Ekurhuleni Metropolitaanse Raad (Alberton Diensleweringssentrum) aansoek gedoen het om die wysiging van die dorpsbeplanningsskema, bekend as Alberton Dorpsbeplanningsskema, 1979, deur die hersonering van die eiendom hierbo beskryf, geleë te Schiststraat 242, Bassonia Rock, vanaf "Residensieel 1" onderhewig aan sekere voorwaardes na "Residensieel 1" onderhewig aan sekere voorwaardes en die verslapping van die straat boulyn na 0 meter in terme van Klousule 19 die Alberton Dorpsbeplanningsskema, 1979, onderhewig aan sekere voorwaardes.

Besonderhede van die aansoek lê ter insae gedurende gewone kantoorure by die kantoor van die Area Bestuurder, Stedelike Ontwikkelings Departement, Vlak 11, Burgersentrum, Alberton, vir 'n tydperk van 28 dae vanaf 8 Mei 2013.

Besware teen of verhoë ten opsigte van die aansoek moet binne 'n tydperk van 28 dae vanaf 8 Mei 2013 tot 5 Junie 2013 skriftelik by of tot die Area Bestuurder, Stedelike Ontwikkelings Departement te bogenoemde adres of Posbus 4, Alberton, 1450, ingedien of gerig word.

Adres van applikant: DH Project Planning, 7 Ivy Straat, Brackenhurst, 1448. Tel: (011) 867-7035.

Plasing op 8 en 15 Mei 2013.

8-15

NOTICE 1115 OF 2013**ALBERTON AMENDMENT SCHEME 2399**

I, François du Plooy, being the authorised agent of the owner of Portion 1 of Erf 235, New Redruth Township, give notice in terms of section 56 (1) (b) (i) of the Town-planning and Townships Ordinance, 1986, that I have applied to the Ekurhuleni Metropolitan Municipality (Alberton Customer Care Centre) for the amendment of the town-planning scheme known as Alberton Town-planning Scheme, 1979, by the rezoning of the property described above situated at 55A Launceston Road, New Redruth, from Residential 1 to Residential 3 for two (2) dwelling units, subject to certain conditions.

Particulars of the application will lie for inspection during normal office hours at the office of the Area Manager, City Development Department, Level 11, Alberton Customer Care Centre, Alwyn Taljaard Avenue, Alberton, for a period of 28 days from 8 May 2013.

Objections to or representations in respect of the application must be lodged with or made in writing to the Area Manager, City Development Department, at above address or at PO Box 4, Alberton, 1450, within a period of 28 days from 8 May 2013.

Address of applicant: François du Plooy Associates, P.O. Box 85108, Emmarentia, 2029. Tel: (011) 646-2013. Fax: (011) 486-4544. E-mail: fdpass@lantic.net

KENNISGEWING 1115 VAN 2013**ALBERTON-WYSIGINGSKEMA 2399**

Ek, François du Plooy, synde die gemagtigde agent van die eienaar van Gedeelte 1 van Erf 235, New Redruth Dorpsgebied, gee hiermee ingevolge artikel 56 (1) (b) (i) van die Ordonnansie op Dorpsbeplanning en Dorpe, 1986, kennis dat ek by die Ekurhuleni Metropolitaanse Munisipaliteit (Alberton Kliëntediens Sentrum) aansoek gedoen het om die wysiging van die dorpsbeplanningskema, bekend as Alberton Dorpsbeplanningskema, 1979, deur die hersonering van die eiendom hierbo beskryf, geleë te Launceston 55A, New Redruth vanaf Residensieel 1 na Residensieel 3 vir twee (2) wooneenhede, onderhewig aan sekere voorwaardes.

Besonderhede van die aansoek lê ter insae gedurende gewone kantoorure by die kantoor van die Area Bestuurder, Departement Stedelike Ontwikkeling, Vlak 11, Alberton Kliënte Dienssentrum, Alwyn Taljaardlaan, Alberton, vir 'n tydperk van 28 dae vanaf 8 Mei 2013.

Besware teen of verhoë ten opsigte van die aansoek moet binne 'n tydperk van 28 dae vanaf 8 Mei 2013, skriftelik by of tot die Area Bestuurder, Departement Stedelike Ontwikkeling by bovermelde adres of Posbus 4, Alberton, 1450, ingedien word.

Adres van applikant: François du Plooy Associates, Posbus 85108, Emmarentia, 2029. Tel: (011) 646-2013. Faks: (011) 486-4544. E-pos: fdpass@lantic.net

8-15

NOTICE 1116 OF 2013**ALBERTON AMENDMENT SCHEME No. 2397**

I, Alex van der Schyff, being the authorised agent of the owner of Erf 279, Alberante x1 Township, give notice in terms of section 56 of the Town-planning and Townships Ordinance, 1986, that I have applied to Ekurhuleni Metropolitan Municipality (Alberton Customer Care Centre), for the simultaneous subdivision of the property into two portions and the amendment of the town-planning scheme, known as the Alberton Town-planning Scheme, 1979, by the rezoning of the property described above, situated on the corner of Jacqueline Street and Joyce Street, from Educational to Residential 3 with a density of 60 units per ha.

Particulars of the application will lie for inspection during normal office hours at the office of the Area Manager, City Development, Level 11, Alberton Customer Care Centre, Alwyn Taljaard Avenue, Alberton, for a period of 28 days from 8 May 2013.

Objections to or representations in respect of the application must be lodged with or made in writing to the Area Manager, City Development Department, at the above address or at PO Box 4, Alberton, 1450, within a period of 28 days from 8 May 2013.

Address of applicant: Aeterno Town Planning, PO Box 1435, Faerie Glen, 0043. Tel: (012) 348-5081.

KENNISGEWING 1116 VAN 2013**ALBERTON-WYSIGINGSKEMA No. 2397**

Ek, Alex van de Schyff, die gemagtigde agent van die eienaar van Erf 279, Alberante x1 Dorpsgebied, gee hiermee ingevolge artikel 56 van die Ordonnansie op Dorpsbeplanning en Dorpe, 1986, kennis dat ek by die Ekurhuleni Metropolitaanse Munisipaliteit (Alberton Kliëntedienssentrum) aansoek gedoen het om die gelyktydige onderverdeling van die eiendom in twee gedeeltes en die wysiging van die dorpsbeplanningskema, bekend as die Alberton Dorpsbeplanningskema, 1979, deur die hersonering van die eiendom hierbo beskryf, geleë op die hoek van Jacquelinestraat en Joycestraat, vanaf Opvoedkundig na Residensieel 3 met 'n digtheid van 60 eenhede per ha.

Besonderhede van die aansoek lê ter insae gedurende gewone kantoorure by die kantoor van die Areabestuurder, Departement Stedelike Ontwikkeling, Vlak 11, Alberton Kliëntedienssentrum, Alwyn Taljaardlaan, Alberton, vir 'n tydperk van 28 dae vanaf 8 Mei 2013.

Besware teen of verhoë ten opsigte van die aansoek moet binne 'n tydperk van 28 dae vanaf 8 Mei 2013, skriftelik by of tot die Bestuurder, Departement Stedelike Ontwikkeling by bovermelde adres of by Posbus 4, Alberton, 1450, ingedien word.

Adres van applikant: Aeterno Town Planning, Posbus 1435, Faerie Glen, 0043. Tel: (012) 348-5081.

8-15

NOTICE 1117 OF 2013

ALBERTON AMENDMENT SCHEME 2398

I, François du Plooy, being the authorised agent of the owner of Erf 27, New Redruth Township, give notice in terms of section 56 of the Town-planning and Townships Ordinance, 1986, that I have applied to the Ekurhuleni Metropolitan Municipality (Alberton Customer Care Centre) for the amendment of the town-planning scheme known as Alberton Town-planning Scheme, 1979, by the rezoning of the property described above situated at 27 Bodmin Road, New Redruth, from Residential 3 to Residential 3 to amend certain conditions in the existing Annexure.

Particulars of the application will lie for inspection during normal office hours at the office of the Area Manager, Department City Development, Level 11, Alberton Customer Care Centre, Alwyn Taljaard Avenue, Alberton, for a period of 28 days from 8 May 2013.

Objections to or representations in respect of the application must be lodged with or made in writing to the Area Manager, Department City Development, at above address or at PO Box 4, Alberton, 1450, within a period of 28 days from 8 May 2013.

Address of applicant: François du Plooy Associates, P.O. Box 85108, Emmarentia, 2029. Tel: (011) 646-2013. Fax: (011) 486-4544. E-mail: fdpass@lantic.net

KENNISGEWING 1117 VAN 2013

ALBERTON-WYSIGINGSKEMA 2398

Ek, François du Plooy, synde die gemagtigde agent van die eienaar van Erf 27, New Redruth Dorpsgebied, gee hiermee ingevolge artikel 56 van die Ordonnansie op Dorpsbeplanning en Dorpe, 1986, kennis dat ek by die Ekurhuleni Metropolitaanse Munisipaliteit (Alberton Kliëntediens-Sentrum) aansoek gedoen het om die wysiging van die dorpsbeplanningskema, bekend as Alberton Dorpsbeplanningskema, 1979, deur die hersonering van die eiendom hierbo beskryf, geleë te Bodminweg 27, New Redruth vanaf Residensieel 3 na Residensieel 3 om sekere voorwaardes in die bestaande Bylae te wysig.

Besonderhede van die aansoek lê ter insae gedurende gewone kantoorure by die kantoor van die Area Bestuurder, Departement Stedelike Ontwikkeling, Vlak 11, Alberton Kliënte Dienssentrum, Alwyn Taljaardlaan, Alberton, vir 'n tydperk van 28 dae vanaf 8 Mei 2013.

Besware teen of verhoë ten opsigte van die aansoek moet binne 'n tydperk van 28 dae vanaf 8 Mei 2013, skriftelik by of tot die Area Bestuurder, Departement Stedelike Ontwikkeling by bovermelde adres of Posbus 4, Alberton, 1450, ingedien word.

Adres van applikant: François du Plooy Associates, Posbus 85108, Emmarentia, 2029. Tel: (011) 646-2013. Faks: (011) 486-4544. E-pos: fdpass@lantic.net

8-15

NOTICE 1118 OF 2013

RANDVAAL AMENDMENT SCHEME WS175

I, EJ Kleynhans of EJK Town Planners being the authorized agent of the owner of Remainder of Erf 65, Highbury Township hereby give notice in terms of section 56 (1) (b) (i) of the Town Planning and Townships Ordinance, 1986, that I have applied to Randvaal Local Municipality for the amendment of the town-planning scheme known as the Randvaal Town Planning Scheme, 1994, by the rezoning of the above-mentioned property situated on the corner of Rooibok Street and Blesbok Street from "Residential 1" to "Special" for a workshop.

Particulars of the application will lie for inspection during normal office hours at the office of the Executive Director: Development and Planning, Midvaal Municipal Offices, Mitchell Street, Meyerton, from 8 May 2013 until 5 June 2013.

Any person who wishes to object to the application or submit representations in respect thereof must lodge the same in writing to the said local authority at its address specified above or PO Box 9, Meyerton, 1960, on or before 5 June 2013.

EJK Town Planners, PO Box 991, Vereeniging, 1930. Tel: (016) 428-2891.

KENNISGEWING 1118 VAN 2013**RANDVAAL WYSIGINGSKEMA WS175**

